

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Maart 2016 – Goeie Vrydag

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-3:4, 5 (8:4, 5)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag, en eer en heerlikheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon, en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!" Met "Amen, Amen!" het die géruks opgesewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 9:1, 2, 8 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 2 omdat my vyand, hoe gedug, / teruggewyk het en gevlug;
omdat hy voor u aanskyn wég is, / en, HEER, my saak deur U besleg is.
- 8 Psalmsing Hom wat op Sion troon, / vertel sy roem waar volke woon!
Geen bloedskuld waar Hy nie van weet nie, / of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.

Gebed

Skrifberyming 5-1:1, 4 (6:1, 4)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit,
want hul weer nie wat hul doen nie." / As Hy so sy bede bid,
dan weerklink daar, slag ná slag, / hamerhoue van die wag.
- 4 Middagklare son word duister; / deur die duister noodgeskrei:
"O my God, my God en Helper, / waarom tog verlaat U My?"
Jesus sink, ná sware stryd / in dié dubb'le donkerheid.

Skriflesing: Matteus 27:45-56

Kernverse: Matteus 27:45-46

En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe; en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?
(Matteus 27:45-46 AFR53)

Tema: Christus het Godverlatenheid vir jou en my weggedra

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer die Heilige Gees ons tot by die vierde kruiswoord van Christus lei, kom ons voor 'n geheimenis te staan. Dit is 'n geheimenis waarby ons maar kinderlik stamel, want ons weet nie wat dit regtig beteken om deur God verlaat te wees nie. En daarby skeur hierdie vierde kruiswoord as 'n vraag deur die duisternis op Golgota: **My God, my God, waarom het U My verlaat?** Vir die heel eerste maal kom daar oor die lippe van Jesus die vraag: waarom?

Ons mense roep gereeld tot God uit: Waarom? Wanneer die lewe 'n draai teen alle verwagtings in maak; wanneer die Here in ons lewens iets beskik wat ons nie wou hê nie, roep ons maklik uit: Waarom? Baie keer is hierdie waaroms nie onskuldig nie. Dit is nie 'n vraag om maar net kennis in te win nie. In die meeste gevalle lê verbittering onderliggend aan hierdie vraag. Teen die hemel uit word die vraag geslinger: O God, waarom het U dit laat gebeur? En saam met hierdie vraag word daar baie maal 'n gebalde vuis na omhoog geslaan en daar word op die tande gekners. Dit is hoe ons mense gewoonlik waarom tot God roep.

Nou hoor ons oor Jesus se lippe ook die vraag: Waarom? Is dit dieselfde as wat ons mense waarom vra? Geliefdes, daar is sekerlik mense wat so sal wil dink, want hulle weier om te erken dat Jesus God en mens gelyktydig is. Hulle wil Hom net as mens beskou, daarom sal hulle sê dat sy waarom maar dieselfde as ons waaroms is. Om egter begrip te kry vir hierdie waarom op die lippe van Jesus, het ons nodig om Jesus se werk aan die kruis in oënskou te neem.

Die Seun van God moes Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem. Hy moes 'n mens word, want die mense het hulleself van God losgeskeur deur hulle sonde. Met hulle rug op die Here gedraai, het die mense in die grootste ellende geval waaruit hulle hulleself nooit sou kon ophef nie. God alleen kan die mens uit hierdie ellende en sonde verlos. Daarom het die Seun van God mens geword. Hy het Homself bereid verklaar om te gaan staan waar die slae val en om hierdie houe in die plek van die sondaars te ontvang. Die slae wat die sondaars verdien het, is die dood. Die ewige dood is die straf op die sonde.

Omdat Jesus bereid was om die mense van hulle sonde te verlos en God weer met hulle te versoen, het sy hele lewe op Golgota afgestuur. Dit is immers waarvoor sy Vader Hom na die wêreld gestuur het. En nou het die Golgota-oomblik aangebreek en die enigste Seun van God hang tussen misdadigers aan die kruis. Soos 'n misdadiger is Hy behandel selfs nadat Pontius Pilatus openlik verklaar het dat Jesus onskuldig is aan enige misdaad wat die doodstraf onder die Romeinse wette verdien. Tog hang Jesus nie maar net passief daar aan die kruis nie. Hy ly nie soos 'n martelaar wat niks anders kan doen nie. Hy ly gewillig aan die kruis. Hy is die Lam van God wat Homself in die hande van sy vyande oorgee. In hierdie lyding is Hy besig om die beker vol van God se toorn oor die sondes van die hele menslike geslag leeg te drink.

In Getsémané was Jesus benoud en het Hy die Vader gesmeek om die beker by Hom verby te laat gaan, as dit sy wil is. Angs en vrees het Jesus in Getsémané oorweldig, want Hy het geweet watter vreeslike lyding daar nog op Hom wag. Drie maal het Hy sy Vader gesmeek om die beker verby te laat gaan, maar elke keer het Hy ook gesmeek dat die Vader se wil alleen moes geskied. So het Jesus Christus sy wil aan die wil van sy Vader onderwerp. Dit was God se wil dat Jesus Christus sy Seun die beker, gevul met God se toorn en oordeel oor die sondes van die wêreld, leeg moes drink.

In die eerste drie uur aan die kruis het Jesus reeds drie maal gepraat. Hy het tot sy Vader gebid om sy moordenaars te vergewe. Jesus het die een moordenaar langs Hom verseker dat hy ook gered is en saam met Hom in die paradys sou wees. En Hy het Johannes aangesê om na sy ma, Maria, om te sien. En nou is dit twaalfuur. Dit is die tydstip waarop die son reg van bo af skyn en wanneer dit ook die helderste tyd van die dag is.

Maar daardie Vrydag het daar iets heeltemal buitengewoon gebeur. In plaas van helder sonskyn sak daar 'n totale duisternis op die aarde neer. Die hele bekende wêreld van

destyds word in duisternis gehul. Hierdie donkerte wat oor die land neergesak het, kan nie aan 'n sonsverduistering toegeskryf word nie, want dit was Paasfees en volmaan. Met volmaan kan daar nie 'n sonsverduistering wees nie. Nee, broers, susters en kinders, hier het ons met 'n wonder te doen. En die duisternis het drie uur lank geduur. Almal in die land sou dit opgemerk het.

Dit is ook geen wonder dat dit donker word in die skepping nie. Die Een deur wie God die Vader alles geskep het, sy Woord, sterf dan tans aan die kruis op Golgota. Sal die skepping dan nie meegevoel hê nie. Kan die skepping in blom en vreugdevolle sonskyn wees wanneer Jesus Christus die diepste vernedering aan die kruis moet deurgaang? Nee, dit kan nie anders nie. Die hele skepping leef met Christus mee. Die aarde skud en die rotse bars uitmekaar, want Christus sterf. En die hele skepping trek 'n roukleed aan. Dit het donker geword.

Maar die duisternis is nie alleen maar die skepping se meelewing in Christus se smart nie. By herhaling het Jesus in sy preke gesê dat die mense wat hulle nie van hulle sondes wil bekeer nie, in die buitenste duisternis gegooi sal word. Daarmee het Jesus na die oordeel van God verwys. Duisternis hou dus verband met God se oordeel. Ons hoor reeds daarvan wanneer God sy oordeel oor Egipte bring. Omdat die farao hom teen die Here verhard het, het die Here duisternis oor die hele Egipte gebring, behalwe in die deel waar sy volk gewoon het. Waar God met sy genade en troos by sy volk teenwoordig is, is dit lig. Maar waar God met sy toorn en oordeel oor die sonde van Egipte teenwoordig is, is daar net duisternis. Daar breek nie eers 'n straaljie lig deur nie.

Geliefdes, hier op Golgota het ons ook met niks minder as met God se oordeel te doen nie. Jesus Christus het nie as gevolg van politieke onrus aan die kruis gehang nie. Hy het as die Lam van God daar gehang. Jesus het die sondes van die mense op Homself geneem. Nou word Hy as 'n vervloekte behandel, want Hy is belaaie met die wêreld se sonde as Hy aan die houtkruis hang. En waar die sonde is en solank as wat daar nie versoening vir die sonde gedoen is nie, kan God nie met genade en troos teenwoordig wees nie. Daarom kan daar nie nou lig op Golgota wees nie. Nou kom die straf op die sonde, naamlik die ewige dood, die helse smart en pyn op Jesus af. In die drie uur van duisternis kom God met sy volle toorn en oordeel op sy Seun af. Jesus sterf die ewige dood terwyl Hy nog lewe, nog voordat Hy die natuurlike dood sterf.

Hier moet ons onthou dat Jesus Christus as ons Verlosser steeds God en mens is. Dit is nie maar net Jesus se menslike natuur wat daar aan die kruis hang in die duisternis nie. As sy Goddelike natuur gedurende die duisternis van sy menslike natuur geskei het, sou Jesus gesterf het. Voor die geregtigheid en heiligheid van God sou Hy nie meer kon bestaan nie. As Hy maar net as mens aan die kruis bly hang het, sou Jesus vernietig wees. Geen mens, nie eers 'n sondelose mens, kan die oordeel van God deurmaak nie. Nee, Christus bly God en mens in die duisternis aan die kruis hang, want dit is net sy Goddelike natuur wat sy menslike natuur in staat gestel het om die straf op die sonde te kon deurmaak sodat Hy aan die einde kon sê: Dit is volbring! Ook daar in die drie uur duisternis aan die kruis bly Hy Immanuel – God met ons. Alleen as Immanuel kon Jesus die wêreld met God en God met die wêreld versoen.

Die duisternis het nie maar net oor Jesus se liggaam aan die kruis toegesak nie. Alle troos en lig en krag het uit sy hart weggevloei toe sy Vader alle genade en troos van Hom onttrek het. In Jesus se binneste het dit donker geword, want Hy het nie net ons liggaam met God versoen nie, maar ook ons siel. Angs en bewing het Jesus se hart omklem, want in hierdie drie uur duisternis het God Hom voluit met sy oordeel oor die sonde getref.

Dit was eers nadat Jesus al die toorn en oordeel van God oor die sonde gedurende die drie uur gedra het en deurgestaan het, dat Hy tot God uitgeroep het. Na die drie uur van donkerte in sy siel en hart, is die sonde versoen, is die prys betaal en is die skuld van die wêreld weggedra. Teen drieur het Jesus uitgeroep: **Eli, Eli, lama sabagtani? – My God, my God, waarom het U My verlaat?** In die duisternis het Jesus in stilte geworstel. Toe die prys nog nie ten volle betaal was nie, het daar geen woord oor sy lippe gekom nie. Eers toe Hy die skuld vir ons sondes klaar weggedra het die duisternis in, kon die helse smart en pyn woorde kry: **Eli, Eli, lama sabagtani?**

Broers, susters en kinders, dit was nie ter wille van Homself dat hierdie waarom uit Jesus se hart losgeskeur het nie. Dit is ter wille van jou en my dat Hy hierdie klag tot God uitroep. En ter wille van jou en my saligheid is hierdie waarom van Jesus nie onbeantwoord nie. Op die waarom van Jesus wys die Heilige Gees dat die Vader 'n drievoudige daarom antwoord.

Jesus Christus was met die wêreld se sonde belaaï, daarom was Hy deur God verlaat. Wanneer God die wêreld se sonde op Jesus laat afkom, wanneer Jesus jou en my en alle mense se sondes op Homself neem, kan God nie meer in verhouding met sy Seun tree solank as wat die sonde nie versoen is nie. God haat nie sy Seun nie, maar Hy haat die sonde wat op sy Seun lê. Hy moes Homself van sy Seun onttrek, want sy heiligheid kan die sonde nie verdra nie. Solank as wat Jesus met die sonde van die wêreld belaaï is, kan God nie naby Hom wees nie, moet Hy Homself terugtrek. Tog, sodra die wêreld met God versoen is, breek die lig weer deur en word die duisternis verdryf. Dan is die Vader weer naby sy Seun.

Ten tweede, die waarom van Jesus word treffend in die nagmaalformulier beantwoord: Hy het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely, daarom sal ons nooit meer deur God verlaat word nie. Jesus het dus in ons plek Godverlatenheid gely. Hy het die Godverlatenheid vir ons weggedra. Christus se waarom aan die kruis veroorsaak dat ons kan jubel. Saam met Paulus kan ons in ons grootste benoudheid en eensaamheid die loflied aanhef:

God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. (Romeine 8:31, 35. 37-39 AFR83)

En ten derde, omdat Jesus deur God verlaat was, het ons nou 'n Hoëpriester wat regtig medelye met ons het. Wanneer ons krete oor die eensaamheid en verlatenheid na die hemel sou opklim, wanneer ons in benoudheid uitroep: *Waarom, o God?! verstaan Jesus dit.* Hy het immers as geheel onskuldige die volle Godverlatenheid oor ons sonde gely. Daarom kan Hy ook vir die eensames en verlatenes by die Vader pleit. Meer as enige broer en suster van ons het Hy regtig begrip vir daardie eensaamheid wanneer dit vir ons voel asof God ons nou in die wildernis van hierdie wêreld alleen gelaat het, want Hy was werklik deur God verlaat.

Die meeste van die omstanders by die kruis daardie Vrydagmiddag het nie verstaan wat gebeur het nie. Haat het hulle heeltemal verblind. Jesus het nie in 'n vreemde taal sy klagte teen drieur daardie middag uitgeroep nie. Jesus het Aramees, die algemene spreektaal van die Jode van daardie tyd, gepraat. Moedswillig het hulle Jesus se uitroep

tot sy God misvorm. Spottend het hulle gesê dat Hy na Elia roep om Hom te kom red. Op hierdie gespot het Jesus nie self geantwoord nie. Sy Vader het die Romeinse offisier gebruik om te antwoord:

Waarlik, Hy was die Seun van God. (Matteus 27:54b AFR53)

Elia het nie gekom soos die Jode gespot het nie. Die prys was klaar betaal. God is met die wêreld versoen. Die lig het weer deurgebreek. Die Vader het weer sy vriendelike aangesig oor sy Seun laat skyn. Wie die Vader het, het Elia nie nodig nie.

Geliefde broer, suster en kind, in jou plek het Jesus Christus die Godverlatenheid weggedra, want Hy was met jou en my sondes belaa. Omdat Christus algehele Godverlatenheid en helse smart en pyn vir ons gely het, sal ons nooit deur God verlaat word nie. Sou dit ooit gebeur dat jy voel of God jou vergeet het en jy roep in jou benoudheid uit: My God, my God, waarom het U my verlaat, sal jy die antwoord hoor: My kind, my kind, Ek sal, Ek kan jou nooit verlaat nie, want deur my Seun se bloed is jy Myne.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 5-4:3, 4, 5, 6 (10: 3, 4, 5, 6)

- 3 Wie sal ons, van die skuldstraf vry, / van Christus en sy liefde skei?
Verdrukking of vervolgingsnag? / Benoudheid wat ons hier nog wag?
- 4 Of honger, naaktheid of gevaar? / Die swaard van die geweldenaar?
(As skape word ons nou geag, / klaar vir die mes wat ons wil slag!)
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 Maart 2016